***Wat is onkuisheid?***

**214** **Jurah** sê: "Ag ja, hier is Lig, Liefde en die hoogste Waarheid op één plek verenig! Ja, Majesteit en Meester van ewigheid, so sou ek graag die hele wet van Moses toegelig wou sien, dan sou `n mens eers volkome vas en in U ewige orde kan lewe en verkeer! Dan sal die Satan daarna beslis geen gat meer kan vind waardeur hy, soos in `n skaapsvel vermomde wolf, in U helderverligte heiligdom sou kan binnesluip en van U heilige gebooie menslike wette maak nie!"

[2] **Ek (JAHSHUA)** sê: "Vriend, die uur het nog nie gekom waarin die duistere vors van die wêreld bereg sal word nie, maar dit is al baie naby! Maar ook as hy bereg sal word, sal daar maar al te gou tog mense kom wat mettertyd nog erger met My suiwer wette sal handel as die Satan self. Op hierdie aarde sal die lig altyd met die duisternis moet stry!"

[3] **Jurah** sê: "Meester, waarom dan? As alle mense die lig slegs so sien soos ek nou, sal die Satan en al sy boosaardigheid `n ewige rusdag op aarde kry! Ons kinders en kindskinders sal gewetensgetrou in dieselfde lig opgevoed word en ook tot die einde van die wêreld daarin bly. Dit sal deur alle tye heen net so vas en onveranderlik wees soos die aanname dat twee gelyksoortige eenhede plus nog twee van dieselfde eenhede tot in alle ewige tye vier gelyksoortige eenhede sal bly! Daaraan twyfel geen mens op die hele aarde nie, omdat dit `n onomstootlike en konkrete waarheid is. U uitleg van die tien gebooie van Moses maak elk daarvan tot `n matematiese grondreël. En wie kan daar in die geval dan in die verste verte op die gedagte kom om so `n waarheid op enigerlei wyse in twyfel te trek?!

[4] Omdat niemand meer daaraan sou kon twyfel nie, sou `n mens ook verplig wees om so `n duidelike vasstaande waarheid op te volg omdat `n mens homself andersins as `n dwaas moet beskou, of omdat elke verstandige mens hom dit sou vertel!

[5] Maar natuurlik, as die mees gewyde en vir ons mense allerbelangrikste waarhede altyd in `n sekere, raaiselagtige verpakking gegee word en die mens daarmee kan maak wat hy maar wil, is daar natuurlik dadelik massas leuenaars wat die Satan kan gebruik om met sy lasterlike gevolg vrye intog te kry in die menslike gemeenskap.

[6] Daarom, verhewe Majesteit en Meester, gee ons die Waarheid oop en bloot, sodat alle toegang van die Satan by die mense daarna deur die sterk muur van die onwrikbare Waarheid versper kan word!

[7] Ek wil byvoorbeeld slegs die gebod van Moses noem waarmee hy die onkuisheid as sonde verbied. Wat is onkuisheid nou eintlik presies? Bestaan dit alleen daaruit dat `n mens nie met `n ongewaste liggaam gemeenskap mag hê met `n vroulike wese en hom na die saamslaap nie wéér laat was nie? Of verstaan `n mens daaronder die geilheid van die begeerte, en die gemeenskap met `n vroulike persoon, `n maagd, `n hoer, `n konkubine of `n jong weduwee?

[8] Val die blinde ontug onder hierdie klousule, of dalk die stomme, sodomitiese sonde, of miskien dalk `n verhouding met `n baie begeerlike vrou van `n ander man? Moet mans, om heeltemal kuis te wees, hierdie sterkste van alle natuurdrifte heeltemal onderdruk? Maar as dit so is, dan is die egtelike bed tog seker ook niks anders as `n plek vir `n, as sedelik geldend, bedryf van onkuisheid nie. Want wie staan daarvoor in dat die man nie met sy aantreklike vrou gemeenskap sal hê as maar net vir die verwekking van `n vrug nie?!

[9] Ek het mense gesien en geken wat `n mens ware goue mense sou kon noem wat betref goedheid, liefdadigheid, geduld, sagmoedigheid en barmhartigheid, maar op die noodlottige punt van kuisheid was en bly hulle swak. Hulle probeer weliswaar om ook op die punt baie sterk te word, maar hulle natuur laat hulle nie dwing nie, selfs nie toe die natuurlike, algehele impotensie hulle deel geword het nie. `n Maagd wat weelderig gebou is, het nog altyd dieselfde wellustige indruk op hulle gemaak.

[10] Ook het ek mense gesien en geken wat by die grootste vroulike skoonheid so koud kon bly soos `n stuk klip, egte voorbeelde van kuisheid, maar vir die res was hulle ook in alles ongevoelig! Niks ontroer hulle nie! Nood en ellende van die armes was vir hulle belaglike dinge, trane van lyding- `n truuk om medelye op te wek. `n Vrou beskou hulle as `n veragtelike en `n onding wat maklik gemis kan word, wat in die wêreld geen ander doel het as om `n akker te wees vir die saai van `n soort graan nie. Die huwelik beskou hulle as van die belaglikste instellings van die menslike orde. Na hulle mening moet `n mens alle gesonde vroue in `n groot gebou opsluit en hulle daar deur sterk en vrugbare manne laat bevrug, dan sal daar suiwer mooi, gesonde en sterk mense daaruit voortkom. Die lelike en swak vroue moet `n mens egter uitroei, of hulle net soos vee vir die nederigste werk gebruik en so lank laat werk totdat hulle krepeer! Dit is dinge wat ek deurgemaak het!

[11] Nou vra ek of die mens wat swak in die kuisheid is, nie in almal se oë baie ver vóór die yskoue kuisheidsheld is nie! Volgens my wel! Hoe u, verhewe Majesteit en Meester, daaroor dink, weet ek nie en dit kan ek ook nie weet nie. Kan U daarom ook op die klousule wat deur Moses verbied is, duidelikheid skep, sodat ek nie altyd in sidderende angs hoef te lewe elke keer as ek geslagtelike gemeenskap gehad het nie. As ek dan voor Elohim gesondig het en as die geslagsdaad hoe dan ook altyd `n sonde is, sal U, o Majesteit en Meester, ook dalk `n geneesmiddel daarvoor ken, waardeur `n mens die begeerte en die drang soos `n verkoue kan verdryf! Want daar is niks meer ellendig vir `n eerlike mens as om maar altyd van `n bepaalde kant geprikkel te word om te sondig nie. Die natuur dwing maar altyd die liggaam daartoe deur `n onweerstaanbare krag en as `n mens van nature as `n swaar liggaam deur die vrye lug val, dan het `n mens egter ook dadelik `n doodsonde begaan! Dit is tog `n bietjie te erg, veral vir `n mens, wat, prys Elohim, nog altyd so

goed as moontlik sy kop en hart op die regte plek gehad het. Ek sou dus daaroor, Majesteit en Meester, ook graag van U `n duidelike uitleg wou kry! Want dit lyk my in elke geval `n netelige punt te wees!"

### *Die sonde teen die kuisheid*

**215** **Ek** sê: "As die lewe van `n mens geen onbeduidende grap is nie, maar `n heilige erns is, dan kan die daad waardeur dit ontstaan beslis ook geen beuselagtigheid wees nie maar ook net `n baie heilige erns. As jy die motief goed verstaan, dan sal alles vervolgens gou vanself vir jou duidelik word!

[2] Die aangename gevoelens by die geslagsdaad moet op sigself nie die rede vir die daad wees nie. Die rede mag alleen wees dat `n mens verwek moet word!

[3] As jy dit verstaan, sal jy weldra ontdek dat die aangename gevoelens slegs begeleidende verskynsels is, waardeur die werk van die menswording op liggaamlike wyse moontlik gemaak word. As die hoofmotief jou aanspoor, gaan dan en doen dit en dan sondig jy nie! Maar daarby moet daar nog baie reëls in ag geneem word.

[4] Hierdie daad mag nie buite die sfeer van die ware naasteliefde plaasvind nie. `n Hoofreël vir die ware naasteliefde lui egter: 'Doen aan u naaste dit wat u self verlang wat u naaste aan u sal doen!'

[5] Wel, gestel dat jy `n opbloeiende dogter het wat `n seën vir jou vaderhart is. Jy sal oor niks so besorg wees as om `n werklike, seënbringende voorreg vir jou innig geliefde dogter te verlang nie. Daarby is jou dogter wel ryp en dus in staat om `n kind by haar te laat verwek. Hoe sal jou gemoed voel as daar `n origens heeltemal gesonde man kom wat die drang voel om `n kind by `n maagd te verwek en by jou dogter `n vrug met geweld verwek?!

[6] Kyk, dit sal jou met `n verskriklike wraaksug teen so `n boosdoener vervul en jy sal hom nie sonder die ergste denkbare tugtiging laat gaan nie!

[7] En tog sou hierdie man geen sonde teen die kuisheid begaan het nie, want hy voel `n ernstige drang om nie sy saad buite `n goeie houer te verstrooi nie, waardeur `n weg tot menswording afgesny sou word. Maar andersyds is die handeling tog sondig, omdat die ware naasteliefde daardeur baie erg geweld aangedoen word!

[8] Gestel dat jy self in die vreemde `n ernstige behoefte aan die geslagsdaad sou hê. In die veld tref jy `n vrou aan en vir geld en goeie woorde haal jy haar oor om jou terwille te wees en die vrou willig in. Dan sou jy daardeur geen sonde teen die kuisheid begaan het nie en jy sou ook geen egbreuk begaan het as die persoon tewens wettig met `n man getroud was nie. Maar dink eers in watter groot en mistroostige verleentheid en vervolging die vrou sal kom as haar eie man vir haar sou sê: 'Vrou, sê my wie jou bevrug het, want ek het jou sedert die en daardie tyd nie aangeraak nie!', - kyk, dat jy daardeur die huislike vrede tussen `n egpaar versteur het, is `n groot sonde teen die naasteliefde! Want jy kon jou ernstige drang, al sou dit geen behoefte van wellus gewees het nie, eerder tot `n beter geleentheid uitgestel het!

[9] Hieruit kan jy origens sien dat `n man met so `n handeling nie teen die regte en ware kuisheid ingaan nie, maar ook op alle ander menslike neweomstandighede moet let, sodat hy nie teen die een of `n ander wet oortree nie.

[10] Maar `n man kan met sy vrou net so goed onkuisheid bedryf as met `n hoer en nog erger. Want by `n hoer is niks meer te bederwe nie, omdat alles tog al daar bedorwe is, maar `n vrou kan oorgeprikkel raak en daardeur ontwikkel sy `n hartstogtelike begeerte, waardeur sy dan `n meer aanstootliker hoer kan word as `n ongetroude.

[11] Wie egter geslagsgemeenskap met `n ongetroude het, sondig teen die kuisheid, omdat sy handeling alleen die bevrediging van pure wellus is en nie die verwekking van `n mens ten doel het nie en ook nie kan hê nie, want uit pure verstandelikheid moet hy al besef dat `n mens geen koring op die landpaaie saai nie.

[12] Naas die sonde teen die gewone kuisheid begaan diegene wat met `n hoer gemeenskap het, egter ook nog `n sonde teen die menswees van homself en van die hoer, omdat hy deur die handeling baie maklik groot skade aan sy aard aanbring en die blinde hoer nog meer verhard in haar geheime besetenheid en haar daardeur ongeneesliker maak, wat weer `n sonde teen die naasteliefde is.

[13] Wie egter gemeenskap het met `n tot hoer gemaakte vrou, sondig op gelyke wyse twee- en viervoudig wanneer hy self getroud is, omdat hy daardeur egbreuk begaan.

[14] Ek glo nou, omdat jy `n man is met suiwer gedagtes, dat hierdie klein verduideliking voldoende sal wees, te meer omdat `n mens soos jy sonder meer weet wat behoorlik is vir `n fatsoenlike man!"

[15] **Jurah** sê: "Ja, Majesteit en Meester, nou is alles vir my in alle opsigte duidelik en ek weet nou ook waarheen die vele ontaardings van die kuisheid heen lei! Ja, nou is alles vir my duidelik! In alles is daar maar één waarheid wat vir Elohim geldig is, wat tuishoort in die ewige orde, - alles daaronder, daarbo en daarnaas is sleg!"

[16] **Ek** sê: "Ja, so is dit en so sal dit ook vir ewig bly. - Maar nou kom die uitgestuurde skippers met hulle dooie mense terug, nou moet hierdie kneg van My daarnatoe om hulle te help om die lyke op die regte manier neer te lê, omdat hulle genesing andersins more moeiliker sou wees!"

[17] Rafael gaan vinnig daarheen en sorg daarvoor dat dit oral op die regte manier gebeur. Die skippers gaan eers daarna na die aandete.